# Inhoudsopgawe

Voorwoord 1

Afdeling A: Opsommings en Vrae 2

Voorspel 2
Hoofstuk 1: Geel en Gelukkig 3
Hoofstuk 2: Jou standaard-skoolnommertjie 5
Hoofstuk 3: 'n Kakofonie van klanke 9
Hoofstuk 4: Die meesterstuk 11
Hoofstuk 5: Lientjie Lieflik 13
Hoofstuk 6: A change of scenery 15
Hoofstuk 7: Effens last season 17
Hoofstuk 8: Weird Maria 20
Hoofstuk 9: 'n Rus op die menu 22
Hoofstuk 10: Iets om die palaat te verfris 24
Hoofstuk 11: Julia Roberts sonder die mond 26
Hoofstuk 12: Die traandruppel 28
Hoofstuk 13: 'n Huis sonder 'n moeder 29
Hoofstuk 14: A change of scenery (régtig) 30
Hoofstuk 15: 'n Bottel Energade 33
Hoofstuk 16: Die Pussycat Dolls 35
Hoofstuk 17: Die afgevaardigde van Tibet 37
Hoofstuk 18: Tee en kaaskoek 39
Hoofstuk 19: Baie sterker as Camel Filters 41
Hoofstuk 20: Nuwe mense relax nou hier 43
Hoofstuk 21: Sjerrie vir die koue 45
Hoofstuk 22 Ietsie met chocolate vir poeding 46
Hoofstuk 23: Die welcome-home-Mammie-ding 48
Hoofstuk 24: Die toppie sonder bates 50
Hoofstuk 25: Halfprys is halfprys 52
Hoofstuk 26: Cheers op Binnelandse Sake 53
Hoofstuk 27: Die town clown 56
Hoofstuk 28: Something for the poor, my koning 59
Hoofstuk 29: Wat is sy van nou weer? 63
Hoofstuk 30: Die Grafsteensangers 64
Hoofstuk 31: Die corner sonder entertainment 67
Hoofstuk 32: Iets wat Picasso kon bedink het 68
Hoofstuk 33: Geldig vir dertig dae 70
Hoofstuk 34: Shopping is nie vir sussies nie 72
Hoofstuk 35: Werk dinge in Londen ook só? 75
Hoofstuk 36: Cool sou ék sê, actually 77
Hoofstuk 37: Koue goed in groot glase 79
Hoofstuk 38: Die ding met die kuif 82

Hoofstuk 39: Die besoek (1) 85
Hoofstuk 40: Die besoek (2) 87
Hoofstuk 41: 'n Bietjie kultuur 90
Afdeling B 97
Woordverklarings 97

# Hoofstuk 1 : Geel en gelukkig

## Opsomming

- Lien luister na haar ma se bekende wynskinkgeluide uit die kombuis.
- Haar broer, Braam, hoor dit skynbaar nie en sit net die televisie harder.
- Hulle eet roereier en halfverbrande roosterbrood wat hul ma gemaak het.
- Hulle ma staar "geel en gelukkig" deur die venster na die liggies.
- 'n Vioolkonsert blêr oor die CD-speler.
- Die wynboks is die fokuspunt tussen die karige kosvoorraad in die yskas.
- Braam reageer vies op sy giggelende, wankelende ma.
- Hulle ma eet weer nie en gaan slaap in haar klere.
- Lien maak maar self Braam se grys skoolbroek met die vasgekramde soom met blou gare reg. Met Norah Jones oor haar oorfone, spreek sy haar haat vir "hom" in die spieël uit.

## Summary

- Lien listens to the sound of her mother's well-known ritual of pouring wine in the kitchen.
- Her brother, Braam, simply turns up the volume on the TV.
- They eat scrambled eggs and burnt toast, made by their mother.
- Their mother is tipsy, staring at the city lights through the window and listening to a violin concerto blaring from the CD player.
- The box of wine is the centrepiece in the fridge, surrounded by very little food.
- Braam is annoyed by his mother's giggling and unsteady gait.
- Their mother does not eat supper with them and falls asleep in her work clothes.
- Lien sews the stapled hem of Braam's grey school trousers with blue thread.
- In her room, while listening to Norah Jones, Lien tells her reflection in the mirror that she hates "him".

## Vrae

1. Die ritueel van wynskinkgeluide in die kombuis laat Lien na Braam kyk en sy wil nie gaan help of gaan eet nie. Dis omdat sy (kwaad/moedeloos/verras) voel. (1)

   ______________________________________________

2. Uit die kos vir etes en die yskasinhoud weet ons die gesin leef op ____________ en ____________ kos. (2)
3. Kies die beste moontlikheid: Hulle ma word hier as "geel en gelukkig" beskryf, maar dit beteken
   a. sy voel lekker ontspanne oor haar musiek.
   b. sy is aangeklam en luister ontspanne na haar musiek.
   c. sy het vrede met haar situasie. (1)

   ______________________________________________

4. Braam reageer vies en sê sy ma moet gaan (vlieg/klavier speel/slaap). (1)

   ______________________________________________

5. As Lien Braam se vasgekramde skoolbroek se soom insit, toon sy die karaktereienskap (bedagsaamheid/verantwoordelikheid/getrouheid). (1)

   ______________________________________________

6. Noem twee bewyse dat die ma nie meer die huishouding goed versorg nie. (2)

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

7. Lien luister na ______________________ se musiek en ons weet dat sy die woorde "all alone" op haarself toepas omdat dit vir haar voel of die sangeres met haar ______________________. (2)

8. Deur wie word die verhaal vertel? En uit wie se oogpunt word dinge gesien? Watter tipe verteller is dit? (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**NORAH JONES**: Gaan lees meer oor haar op die internet. Watter ongewone ding het Norah op 16 gedoen? Wat was Norah se huislike omstandighede as kind? Let op ooreenkomste met Lien se situasie soos die verhaal ontvou. Watter beroepe beoefen Norah alles? Luister ook na haar musiek.

### Die spanningslyn

- Die ma het 'n drankprobleem; waarheen sal dit lei?
- Braam onttrek of antwoord vies en Lien krop haar gevoelens op, sy sê niks of sug: Wat gaan hulle doen?
- Lien sê sy haat 'n manspersoon, maar wie is dit? (Is dit dalk haar pa?)

### Mini-skryfoefening: Beskrywing

Dink aan 'n **persoon**. Beskryf hom of haar in een of twee sinne.


Beskryf dan wat dié persoon **in sy yskas** sal hê. Dis nie noodwendig net kos nie, want dit toon die persoon se leefwyse en belangstellings en beeld só sy karakter uit. (Nog twee sinne.)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________





Lien se studiegids.indb 4 2016/04/15 9:36 AM

# Hoofstuk 2: Jou standaard-skoolnommertjie

## Opsomming

- Lien is teneergedruk op pad skool toe saam met Wouter, haar enigste maat, omdat sy die middag by tant Malie se koffieplek begin werk.
- Tant Malie klink altyd uitasem en beklemtoon elke tweede woord en dit irriteer vir Lien.
- Tannie Bets in hul woonstelblok het vir haar die werk gekry. Die ander moontlikheid was by die haarkapper.
- Lien is al 'n jaar in dié skool en haat steeds die plek.
- Lien skuil deesdae voor skool in die biblioteek vandat Wouter begin meng met die ander kinders. Sy lees op die internet oor ander lande en stede waarheen sy wil gaan: Japan en ook Praag.
- Lien hou die meeste van Engels, oor mister MacMillan se unieke en interessante klerestyl en letterkunde-aanbieding.
- Meneer Bruwer deel hulle in LO na gelang van hul beroepsbelangstellings in taakgroepe.
- In die prokureurgroep is Lien, die maer Miemie Spies, die terterige Sally Swanepoel en die fris, baie stil Hein Venter.
- Sally neem nie deel nie en stel haar bene ten toon en Miemie neem leiding.


## Summary

- Lien walks to school with Wouter (her only friend). She feels down because she will start working at tant Malie's coffee shop in the afternoon.
- Tant Malie's breathless way of speaking irritates Lien.
- Tannie Bets, who resides in the same block of flats as Lien, organised this job for Lien. Lien's only other option was to work at the hairdresser's.
- Lien has been at this school for the last year and still hates it.
- Before school starts, Lien prefers to surf the internet in the library rather than being alone, because Wouter, her only pal, has started mingling with other learners. She reads about countries and cities she would like to visit, like Japan and Prague.
- Lien loves English with Mr MacMillan because of his weird clothes and enthusiastic way of presenting literature.
- In the LO class with Mr Bruwer, Lien is part of the group of learners interested in becoming an attorney. The other learners in this group are rakish Miemie Spies, tartish Sally Swanepoel and quiet Hein Venter. Sally only shows off with her legs, while Miemie shows leadership.





Lien se studiegids.indb 5 2016/04/15 9:36 AM






Lien se studiegids.indb 6 2016/04/15 9:36 AM

## Vrae

1. Lien sien nie uit na die werk by die koffiewinkel nie, want
   a. sy hou nie van tant Malie se oranje hare nie.
   b. sy wou eintlik by die haarsalon gaan werk het.
   c. tant Malie se manier van praat irriteer haar klaar. (1)

   ______________________________

2. Wie het vir Lien die werk gekry? (1)

   ______________________________

3. Lien kies die koffiewinkelwerk, wat minder per uur betaal as die haarsalon, oor (die moontlike fooitjies/ die aangenamer personeel/die mooier plek). (1)

   ______________________________

4. Waar of onwaar?

   1.1 Lien voel gespanne as sy by die skoolhek instap. ____________
   1.2 Sy haat die skool. ____________
   1.3 Sy voel uitgesluit uit geselsgroepies. ____________
   1.4 Die kinders maak nie met haar maats nie. ____________
   1.5 Sy gaan lees in die biblioteek oor plekke waarheen sy graag sou wou vlug. ____________

   (5)

5. Lien hou van mr MacMillan oor sy ongewone ______________, sy interessante ______________, en dat hy hom nie baie aan ______________ steur nie. (3)

**INTERTEKSTE**

'n Interteks is die verwysing na 'n bestaande teks in 'n ander teks. Soms is dit 'n aanhaling daaruit, of 'n direkte verwysing na die interteks se titel. So word die betekenisse, assosiasies, of agtergrond van die interteks ook betrek in hierdie teks.

Die deurlopende lirieke van Norah Jones waarna Lien luister, hierdie paar reëls uit die gedig van Robert Graves, en die heks se woorde uit *Macbeth* aan die slot van hierdie hoofstuk, is voorbeelde daarvan.

Die Engelse gedig wat begin met "Children, if you dare to think" is die gedig "______________ ______________" deur Robert Graves. Die gedig moedig ontdekking van die ______________ van die wêreld aan, dit wil sê nuuskierigheid en die waagmoed om te ______________. Dis juis wat haar aantrek van die Engelse klasse: Mr MacMillan se waagmoed om sy leerders bekend te stel aan die groter wêreld, aan letterkunde buite die kurrikulum. Sy hou ook van sy anderse, individualistiese kleredrag. Dit sluit aan by Lien se droom om ander lande en plekke te gaan ondersoek en so ook te ontsnap uit haar huidige moeilike huislike omstandighede.

6. Hoe oud is Braam? (1)

   ______________________________

7. In die LO-klas dink Lien dat sy altyd 'n ______________ wou word, maar sy dink sy sal nou maar 'n ______________ in 'n winkel word. Eintlik wil sy net ______________ wees. (3)

8. KARAKTERS: Skryf inligting uit die teks neer om te sien hoe karakters geteken word.
   Hoe lyk hulle? Hoe tree hulle op? Wat sê mense van hulle?
   Miemie Spies: (3)

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________



Lien se studiegids.indb 7 2016/04/15 9:36 AM

Sally Swanepoel: (4)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Hein Venter: (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

9. In *Macbeth* kom die drie hekse in die donker bymekaar om 'n brousel van allerhande vreemde goed te brou. Hulle voorspel later Macbeth se koningskap en nog later sy ondergang. Kyk gerus vir agtergrond na die volgende *You Tube* video: Poetry video: *The Three Witches from Shakespeare's Macbeth, performed by Renee LaTulippe:*

   *https://www.youtube.com/watch?v=VY0Hyza6C-U*

   In *Lien se lankstaanskoene* is die hekse se vraag oor wanneer hulle drie weer ontmoet en of dit in donderweer, weerlig of reën sal geskied, ook op twee situasies van toepassing.

   9.1 Waarom moet die drie leerders (sonder die onaktiewe Sally) weer saamkom om iets te doen of te brou? (1)

   ______________________________________________

   9.2 Die hekse se vraag is ook op Lien, Braam en hulle ma van toepassing. Hulle woon saam, maar elkeen leef apart. Die vraag is wanneer hulle gesin mekaar weer gaan ____________________. Die leser wonder ook oor die omstandighede en moeilike tye (*thunder*, *lightning or in rain*?) waardeur die gesin sal gaan. (1)

   9.3 Macbeth is hier dus 'n ____________________. (1)

## Die spanningslyn

- Hoe sal dit met Lien se koffiewinkel-werk by tant Malie gaan?
- Wat sal van Lien en Wouter se vriendskap word?
- Wat sal van Lien se oorsese drome en haar loopbaanplanne word?
- Hoe sal dit met die groeptaak gaan?
- Waarom is Lien onkant betrap deur die vraag of sy 'n prokureur ken?
- Waarom wonder sy of dit hier is waar die haan moet kraai?
- Het sy dalk hier iemand verloën toe sy gemaak het of sy nie 'n prokureur ken nie?
- Sal die gesin mekaar weer vind?

**Simbool**: 'n Haan wat kraai is 'n simbool van verloëning, dit is 'n verwysing na die Bybelse Simon Petrus wat ontken het dat hy vir Jesus ken. Jesus het voorspel dat Petrus drie keer sal sê dat hy Hom nie ken nie voordat die haan kraai. Net nadat Petrus dit die derde keer gedoen het, het die haan gekraai.

Hiermee sê die skrywer dus dat Lien gejok het en dat sy wel 'n prokureur ken. Wie dink jy is dit?



Lien se studiegids.indb 8 2016/04/15 9:36 AM